



Ek is ingeënt!

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Maandag 17 Mei om 21:58 kry ek die SMS: Ek kan Dinsdag tussen 08:00 en 10:00 aanmeld by die Kempton Park-burgersentrum om my Covid-inenting te kry.

Ek was effe uit die veld geslaan dat ek so gou die kans gegun word om die vaksien te kry, want ek het my daarop voorberei dat ek dit deur my mediese fonds sou kry wanneer hulle die inenting begin uitrol. Maar toe ek die kans kry, het ek dit met albei hande, albei voete en al 32 tande aangegryp!

Ek was teen 07:45 by die kliniek waar die inentings gedoen sou word. Daar was reeds stoele uitgepak en ek was tiende in die ry. Gou-gou was al die stoele vol. Daar het 'n wonderlike kameraderie geheers onder die mense. *Oe, dis darem lekker om bo 60 te wees!* sê een vrou toe sy kom sit. Al negatiewe klankie was so een of twee omies wat baie gou begin kla het: *Nou wanneer gebeur daar iets? Jy gaan sien, ons gaan tot vanmiddag hier sit. Tipies Nuwe Suid-Afrika, niks gebeur wanneer dit moet nie.* Dit was twee minute oor agt en, helaas, almal wat so gekla het was van my volksgenote...

Drie minute oor agt is ons hande gesaniteer en ons koors geneem. Die personeel was so vriendelik soos die mense opgewonde was. Drie persone met vraelyste het gelyktydig by elke 15de persoon begin om 'n eerste vraelys te voltooi. Ek het onder andere bevestig dat ek nie swanger is nie, al lyk dit dalk so.

Tien is toe op 'n slag na binne om 'n meer omvattende vorm te voltooi. Ons identiteitskaarte, mediese-fonds-besonderhede en die SMS-kennisgewing is geverifieer. Ons het ook inligtingstukke gekry oor die inenting en wat 'n mens te wagte kan wees nadat jy dit gekry het. Ons is toe deur na 'n volgende wagarea waar 'n amptenaar weer vir ons kom verduidelik het wat ons moontlik kan ervaar: dinge soos hoofpyn, lyfseer, pyn in die gewigte, moegheid, ensovoorts. Iemand haak af: *Man, ons is almal bo 60. Ons voel elke dag so!*

Na so tien minute is agt op 'n slag deur na die saal waar die inspuittings gedoen word. 'n Baie vriendelike manlike verpleër het weer vir my als verduidelik, ook dat ek die Pfizer-inspuiting kry, en vir my 'n kaartjie gegee waarop bevestig word dat ek op 8 Junie vir my tweede dosis moet kom. Die inspuiting self was absoluut pynloos, en ek moes toe vir tien minute in 'n volgende wagarea gaan sit waar ons gemonitor is vir enige slegte reaksie. Presies om 09:58 het ek uitgestap in die wintersonnetjie.

Die proses was flink, goed georganiseer en het baie vlot verloop. En ook vir my baie emosioneel. Ek is so verlig en so dankbaar dat ek die beskerming kry wat die inenting bied. Ek besef dat ek nog die Covid-virus kan opdoen, maar die kans dat ek hospitalisasie nodig gaan kry, is volgens die slim mense 80% kleiner, en dat ek van 'n virusinfeksie kan sterf, naby aan 100% minder. Dis my keuse om die inenting te kry. Dis ook my keuse om die wetenskaplike navorsing wat wêreldwyd gedoen word, te glo. Ek steur my eerder aan die mening van 'n epidemioloog met 12+ jaar se opleiding en dekades se ervaring as dié van iemand wie se kennisbron 'n Google-soektog is.

Ek respekteer die reg van mense wat met my verskil oor die inenting. Ek gaan steeds my masker dra, my hande saniteer en al die nodige protokolle volg, maar ek het soveel meer gemoedsrus. Ek is ook oortuig dat ek op my klein manier met die inenting die wêreld 'n bietjie veiliger maak vir my naaste.

*** As jy wil registreer, kan jy die volgende skakel gebruik: <https://vaccine.enroll.health.gov.za/#/>

Ds Etienne Fourie, Kempton

Lief en leed



Ds Gerrie Botha

- **Ds GS (Gerrie) Botha** (emeritus/Viljoenskroon) is tans ernstig siek met Covid-19. Ons bid hom spoedige en algehele beterskap toe.
- **Mev Anel Oxtan**, vrou van ds Steve Oxtan van Wapadrant, het ook Covid-19 opgedoen, en hulle is tans in isolasie. Ons bid haar spoedige en volkome herstel toe.
- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Mei 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 20 Mei: Dr PJ (Piet) van Zyl (64) (Ermelo), di T (Theuns) Snyman (80) (emeritus) en HJ (Hendrik) Odendaal (65) (emeritus)
 - Sondag 23 Mei: Ds CJ (Johann) de Bruin (50) (siekte-emeritaat)
 - Maandag 24 Mei: Dr RJ (Robert) Jones (48) (Villieria)
 - Dinsdag 25 Mei: Di RP (Rudi) Botha (67) (emeritus/Wesmoot), JJC (Johan) Koekemoer (60) (Marble Hall) en DJD (Danie) Taljard (56) (Sionshoogte)
 - Woensdag 26 Mei: Ds J (Jackie) Dippenaar (44) (beroepafwagting)
 - Donderdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (69) (emeritus/Newcastle)
 - Vrydag 28 Mei: Ds PA (Paul) van Jaarsveld (30) (Wapadrant)

Gemeentes en bediening

- **Litigasie.** Toe die hofspraak teen diegene wat van die Hervormde Kerk af weggebreek het onlangs begin het, het hul advokaat aangevoer dat die Kerk se Litigasiekomitee nie behoorlik gemagtig was om ons prokureur opdrag te gee om die saak namens die Kerk te hanteer nie. In regstaal het die opposisie dus die *locus standi* van die Kerk se Litigasiekomitee aangeval. Die regter het geoordeel dat hierdie tegniese aspek eers bereg moet word voordat die werklike meriete van die dispuut self geweeg kan word. Albei partye het toe voorleggings oor die *locus standi* van die Litigasiekomitee gemaak, en die regter het op 13 Mei 2021 skriftelik uitspraak gegee. Sy het bevind dat **die Litigasiekomitee wel behoorlik gemagtig was** om die saak namens die Kerk te hanteer nadat die Kerk besluit het om te litigeer. Die Litigasiekomitee het net uitvoering aan daardie besluit gegee, en die Kerk se prokureur was dus gemagtig om namens die Kerk op te tree. Die **hofspraak self sal nou begin** sodra die Adjunk-regter-president 'n nuwe datum toegeken het.
- 'n Datum is nog nie vasgestel vir die **vergadering van die ring van Bothaville** nie, onder meer weens ds Gerrie Botha se siekte, sy kollegas se blootstelling aan Covid-19 en hul gevolglike isolasie.
- Die **vergadering van die ring van Pretoria** wat verlede naweek sou plaasvind, sal nou eers later geskeduleer word, onder meer weens ds Steve Oxtan se isolasie. In die lig van die huidige toenemende Covid-risiko in die omgewing is ook besluit dat die vergadering aanlyn sal plaasvind op 'n datum wat nog bepaal moet word.
- **Gemeente Heilbron** wil graag hul breekware aanvul. As daar gemeentes is wat **agtkantige breekware** het wat hulle nie gebruik nie of wil verkoop, kan hulle Magda Bierman kontak by 083 292 1503. Die gemeente benodig 70 eetborde en 50 kleinbordjies (alles agtkantig).
- **Vakante werkruipte.** Aansoek word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant, verkieslik in die ouderdomsgroep 30-40 jaar, vir **Gemeente Ermelo** wat op 31 Augustus 2021 vakant raak.

Gemeenteprofiel: Die gemeente bestaan sedert 1909 en is een van twee NHKA-gemeentes in Ermelo. Die sieletal is tans ongeveer 312. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met 'n groot aantal lidmate in die ouderdomsgroep 35-60. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal en kombuis, asook kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ruim pastorie.

Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van 'n passievolle verhouding met God. Liturgies deurdenkte, goed voorbereide, Geesvervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente kan van aansoekers verwag om 'n erediens in die gemeente waar te neem gedurende die tyd van vakantskap.

Posbeskrywing: Dit is 'n voltydse standplaas wat van die predikant alles verwag soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, verlof, mediese fonds en pensioen sal volgens die skale en Kerkorde van die Kerk bereken en hanteer word met inagneming van die aantal jare diens. Dit kan insluit gratis inwoning in die pastorie en munisipale koste, of dalk 'n subsidie vir eie behuising. Diensaanvaarding is so gou moontlik nadat die standplaas vakant geraak het.

Aansoeke sluit op 30 Junie 2021. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, ermelo@nhk.co.za of rouxandry@gmail.com. Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.



- **Vakante werkkruimte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevervoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word aan njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Beplande vergaderings

- Donderdag 27 Mei: Pensioenvergaderings
- Vrydag 28 Mei: Raad van Finansies

Kerklike publikasies

- In die **Mei 2021-uitgawe van *Die Christelike Vrou*** gee **ds Hannelie Botha** se redaksionele artikel *Hoe lyk 'n moeder?* vir ons 'n voorsmakie van wat volg in die daaropvolgende artikel van **André Hanekom**: Hy skryf *Moeders is 'n geskenk van God*. Ons kry 'n indiepteblik op die werksaamhede van Rata ten opsigte van kinderbeskermingsdienste tydens die pandemie soos geskets deur **dr Charmaine Fourie**, met die klem op Nasionale Kinderbeskermingsweek aan die einde van Mei 2021. *Emosionele welstand danksy diere* kom uit die pen van **ds Kathleen Smith**; sy vertel hoe troeteldiere die impak van Covid-19 op ouer persone se emosionele welstand versag het. Ons sluit hierdie uitgawe af met 'n artikel oor *Hondevoeding* deur Antoinette Scott, met die Duitse filosoof Immanuel Kant se woorde: *You can judge the heart of a man by his treatment of animals*. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>.



'n Gedig

besoek afgelas

kom jy kuier, kind

met die bromvoël uit anderland
kom jy werklik kuier
om bergblou hiér te lande te raak
vir enkele spatsels bolandson

julle kom nie meer kuier nie

alles word gekanselleer
julle mag nie elders nesgooi
as virusryke swerfvoëls
uit die ontsteekte nie

kyk, beskimmeld bewe my hande
my rugstring stram nog regop
en ek verskiet in witter sand
alle rigtings in

verlange is 'n wond

soos 'n dubbelgevlerkte vlam
binnewaarts, altyd binnewaarts
ek skakel die ketel aan –
ek sal wag en droom tot later dan

om wel nog 'n volgende keer

ons verbondenheid
nader, al hoe nader
bergblou te bêre
in 'n enkele spatsel son

Marlise Joubert

(LitNet-nuusbrief 792, 26/03/2020)

Toerusting

- Die **Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) en Voortgesette Toerusting Kerkraad (VTK)** vind as gevolg van die Covid-19-pandemie **weer aanlyn** plaas en word vir die laaste ses maande beplan. Ons het besluit om vanjaar oor trauma te handel met 'n voorlopige tema: **Heilige veerkragtigheid – hoop vir 'n getraumatiseerde gemeenskap**. Die temas en datums van aanbiedinge sal eersdaags deurgegee word.
- **Inleiding tot missionale gemeenteweese. Aanlyn kursus** vir predikante, gemeentelidmate en lidmate. **Donderdae 3, 10, 17 en 24 Junie; en 1 en 8 Julie, 19:00-20:30**. R100 per persoon vir die 6 sessies, kursusbateriaal R600. Die kursusbateriaal is steeds by mev. Karen Breedts (karen@nhk.co.za) beskikbaar teen R500 aangesien die Sentrum vir Gemeentelike Bediening gemeentes van die Kerk met R100 subsidieer. Registreer **hier**. Navrae: admin@freshafrica.org.za.

Barmhartigheid



Rata
MAATSKAPLIKE DIENSTE

- **15 Mei tot 15 Junie is Bejaardesorgmaand: *Tooi Turkoois vir Bejaardes*.** Alle gemeentes word vriendelik versoek om hul bes te doen om hierdie maand spesifiek aan bejaardes en hul aktiwiteite te wy. Navrae: Ds Lilian Erasmus, voorsitter: Ondersteuning van Bejaardes, 083 255 2082.
- **Rata-webinaar: 26 Mei 19:00-20:30**
Die leefwêreld van maatskaplike werkers:
Verhale van hartseer, omgee en hoop
Registreeer by: www.rata.org.za/webinars
- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n tweeslaapkamer-woonregeenheid beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid.** Kom deel **Saterdag 29 Mei** in die **Gesinspretdag (Wind-Ex)** by Fakkelskool, Jan Smutsstraat 18, Sasolburg. Die dag skop om 09:00 af en sal tot laatmiddag aanhou. Dit is 'n **windbuksskietdag** – kom kyk hoe 'n goeie skut jy is! Daar is pryse te wen in verskillende kategorieë. Windbukse is daar en reg vir skiet. Daar is ook verskeie uitstallings, lewendige musiek, veteraanmotors en heerlike eetgoed. Jy wil dit nie misloop nie! **Jy kan 'n blinknuwe braaier of 'n mes of albei wen** teen R20 'n kaartjie, of R50 vir drie kaartjies. Kontak Lisa-Mari by 083 943 4561 vir meer inligting.
- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911



Allegaartjie

“ ’n Model van 100% van die huis af werk pas eenvoudig nie ’n volledig produktiewe, betrokke en gekonnekteerde werkmag nie. Jong mense wat wil leer en gementor word, ly die meeste. Korporatiewe etos en kultuur, asook samewerking, kan nie behoorlik gekweek word nie. Ons verwag die inentingsprogram sal tot meer mobiliteit in die stelsel lei. Dit beteken meer mense kom uit om te werk, winkels toe te gaan en te speel, en dit lei vinnig tot meer vertroue, wat die goedkoopste vorm van ekonomiese stimulus is.” (Andrew König, uitvoerende hoof van Redefine, in *Sake-Beeld*, 18 Mei 2021)

Betaalde advertensies in hierdie nuusbriëf

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die herfsmaande

O God van die Skepping, U het ons geseën
met die wisseling van die seisoene.

Noudat ons die herfsmaande verwelkom,
mag die vroeër sonsondergang
ons herinner om tyd te maak om te rus.

Mag die helder kleure van die blare
ons herinner aan die wonder van u skepping.

Mag die damp van ons asem in die koel lug
ons herinner dat dit U is wat aan ons die lewensasem gee.

Mag die oes van die lande
ons herinner aan die oervloed wat ons ontvang het
en die milddadigheid wat ons met ander moet deel.

Mag die wegwyn van die somer
ons herinner aan u groot belofte
dat die dood tydelik is en die lewe ewigdurend.

Ons prys U vir u goedheid vir ewig en altyd.

(Skrifwer onbekend, vertaal deur Tessa Oppermann)

<https://www.xavier.edu/jesuitresource/online-resources/prayer-index/autumn-prayers>